# 'n Herwaardering van aanhouding sonder verhoor in die lig van die Bybelse beskouing van menseregte

C.J. BOTHA

*Departement Staats- en Volkereg, UNISA*

*ABSTRACT*

*Human rights in general and detention without trial in particular have been discussed with great fervour in the course of the past few years. Because this is in reality a normative issue, writers have tended to approach the matter from the viewpoint of Humanism and Natural Law, while in the process neglecting to keep cognizance of a Biblical view of human rights.*

*From the preamble and the second section of the South African Constitution, it can be deduced that, on moral grounds at least, South Africa is committed to a Christian world view and way of life. It should be kept in mind, however, that one should not content oneself with a hollow statement of faith from time to time, but that there should be set of guidelines to be borne in mind every day, and applied more consciously in the sphere of human rights.*

*If one analyses the concept of detention without trail within the framework of the "imago Dei" model of a Biblical view of human rights, falls short of the standards required from it. The absence of legality, the unlimited discretionary powers of the executive, the lack of control by the judiciary and cloud of secrecy surrounding detainees do not do justice to the concept of man as created in the image of God. The standards of conduct enunciated by Scripture place a fundamental responsibility on the State.*

*Although Scripture cannot be used as a rule-book for day to day living (as we encounter life in a post-industrial and technocratic society) it should still be utilizes as a set of general guidelines which cannot leave any true Christian untouched.*

Die begrip aanhouding sonder verhoor in die besonder en menseregte in die algemeen het die afgelope aantal jare hier te lande en oorsee baie aandag geniet. Baie is daaroor geskryf en gesê, en sommige mense mag meen dat die tema al ietwat holrug gery is. Dat hierdie begrippe, wat somtyds enigsins emosioneel behandel word en uiters normatief belaai is, nog 'n twispunt is

en dat die laaste ja en amen daaroor nog uitgespreek moet word, is egter 'n voldonge feit. Die hele problematiek rondom menseregte is al uit baie hoeke beskou, meesal met die Humanisme en die Natuurreg as vertrekpunt. Myns insiens is daar in die verlede te min klem gelê op 'n Bybelse beskouing van menseregte. Ek sou graag (in alle nederigheid) 'n bydrae wil lewer tot so 'n beskouing van aanhouding sonder verhoor in Suid-Afrika.

## DIE CHRISTELIKE KARAKTER VAN DIE STAAT

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika verwys ondubbelsinnig na die Christelike karakter van die Suid-Afrikaanse staat. So verwys die aanhef na die inwoners se "... nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God...", en kragtens art. 2 word "... die oppergesag en leiding van die Almagtige God" aanvaar. Alhoewel daar taamlik uiteenlopende standpunte oor die juridiese afdwingbaarheid van hierdie bepalings gehuldig word, kan daar ten minste aanvaar word dat dit op morele gronde aanwysend van aard is. Die moderne Westerse welvaartstaat, in die eeu van die tegnokrasie en post-industrialisme, kan in elk geval nie met Bybelse voorskrifte vir elke moontlike situasie sy daaglikse funksies uitvoer nie. Dit sou tot oneindige probleme aanleiding gee en die idee van godsdiensvryheid tot 'n blote fiksie reduseer. Die godsdienstige onverdraagsaamheid van vorige eeue en die uiterstes wat deur moderne Islamitiese state gepredik word, staan ons nog vars in die geheue. Wat so 'n verbintenis tot 'n Christelike karakter egter wel tot gevolg sou hê, hoe normatief dit ook al mag voorkom, is dat die Staat volgens breë Bybelse norme moet funksioneer en optree. Die Suid-Afrikaanse Premier het hom dan ook onlangs tot 'n "Christelike regering" verbind. So 'n verbondenheid aan Bybelse norme moet egter nie net van tyd tot tyd die herkonstatering van 'n mooi klinkende frase wees nie maar die herbevestiging van 'n ewige verbondenheid aan Christelike norme.

## DIE BYBELSE BESKOUING VAN MENSEREGTE

Marinus Wiechers (1981, p. 35-48) wys in 'n artikel oor die Bybelse beskouing van menseregte op vyf basiese teologiese modelle vir die interpretasie van hierdie regte:

1. Volgens die eerste model staan die universaliteit van die evangelie en die universaliteit van menseregte in 'n oorsaaklike verhouding tot mekaar. Hierdie model beklemtoon die totale soewereiniteit van God.
2. Die tweede model beklemtoon die mens se menswaardigheid omdat die mens na die beeld van God geskep is. Hierdie model sal *infra* bespreek word.

3. Die derde model poog glad nie om 'n teologiese verklaring aan menseregte te heg nie. Menseregte is deel van 'n "universele natuurlike" etiek wat nie as 'n verwerkliking van Christelike etiek geïnterpreteer kan word nie.
4. Die vierde model wys op die ooreenkomste tussen die vryheidswaarborge van menseregte en Christelike vryheid, afgelei uit die genade van God. Die Christelike vryheid is onvoorwaardelik en absoluut en dus onskendbaar.
5. Die vyfde model ondersoek nie die teologiese grondslae van menseregte nie maar die grondslag vir Christelike bemoeienis met menseregte. Daardeur word die analogieë en verskille tussen die reg van die wêreld en die geregtigheid in Christus ondersoek.

## MENSWAARDIGHEID EN DIE *IMAGO DEI*

Die mens het, as gevolg van die feit dat God hom na sy eie beeld geskep het, 'n unieke menswaardigheid, wat van alle nie-menslike skeppings van God onderskeibaar is. Soos J.H. van Rooyen (1981, p. 1-17) in 'n verreikende artikel aantoon, voer die mens nie 'n dierlike bestaan nie maar is na die beeld van God met intelligensie bedeel. Alhoewel die mens en sy beeld van God deur die sondeval *geskend* is, is die beeld van God in die mens *nie* totaal *uitgewis* nie. Dit het 'n ontsaglike verantwoordelikheid vir die mens tot gevolg: *elke ander mens moet as iemand van belang en menswaardigheid beskou word, omdat alle mense na die beeld van God geskep is.*

In die volgende afdelings sal die vernaamste statutêre bepalings betreffende aanhouding sonder verhoor in Suid-Afrika asook die kritiek daarop en moontlike hervormings daarvan kortliks bespreek word. Daarna sal dit kursories aan die *imago Dei*-model van menseregte getoets word.

## AANHOUDING SONDER VERHOOR IN SUID-AFRIKA

### 1. Die "negentig dae"-aanhoudingsklousule

Kragtens art. 17 van die Algemene Regswysigingswet 37 van 1963 kan *enige* polisie-offisier iemand sonder lasbrief arresteer indien op redelike gronde vermoed word dat sodanige persoon 'n misdaad ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid of sabotasie gepleeg het of wou pleeg. Die persoon kan vir hoogstens negentig dae sonder verhoor aangehou word. Die aanhoudings geskied totdat die Minister of kommissaris van Polisie goeddink of die negentig dae verstryk het. Die gemagtigde offisier kan egter die tydperk van aanhouding vir opeenvolgende periodes hernuwe.

Die howe se jurisdiksie oor die aangehoudene is uitdruklik uitgesluit. Die aangehoudene word in afsondering aangehou (en ondervra) en mag deur niemand besoek word, insluitende sy regsadviseur en geneesheer, tensy amptelike toestemming verleen is nie. 'n Landdros *mag* die aangehoudene een maal per week besoek. Geen skryfbehoeftes of leesstof mag deur die aangehoudene ontvang word nie. Die "negentig dae"-klousule is opgeskort maar nie herroep nie en kan vir tydperke van twaalf maande by wyse van proklamasie heringestel word.

**2. Die "honderd en tagtig dae"-aanhoudingsklousule**

Hier moet 'n onderskeid getref word tussen gewone ernstige misdade en politieke misdade.

*Gewone misdade*

Kragtens art. 185 van die Strafproseswet kan die Prokureur-Generaal, indien hy van mening is dat daar met 'n getuie by strafregtelike verrigtinge "gepeuter" kan word, 'n aansoek aan 'n regter van die Hooggeregshof rig vir die gevangesetting van die getuie. Die regter beslis slegs op die feite deur die staat voor hom geplaas en die *audi alteram partem*-reël dat die ander party ook aangehoor moet word, is by noodwendige implikasie uitgesluit. Die regter se bevel is finaal en nie vir appèl vatbaar nie. Die aanhouding duur totdat die betrokke strafsaak afgehandel is, of vir ses maande, watter ook al die kortste is, of totdat die Prokureur-Generaal vrylating gelas. Niemand het toegang tot die aangehoudene nie, behalwe beamptes van die staat in die uitvoering van hulle "pligte", tensy die Prokureur-Generaal toestemming tot besoeke verleen. Die hof se jurisdiksie oor die aangehoudene tydens aanhouding is uitgesluit totdat die ses maande verstryk het. Die aangehoudene mag tydens die aanhouding ondervra word. 'n Landdros *mag* hom een maal per week besoek.

*Politieke misdade*

Kragtens art. 12B van die Wet op Binnelandse Beiligheid kan die Prokureur-Generaal 'n lasbrief vir 'n getuie in 'n politieke strafsaak uitreik indien hy van mening is dat so 'n getuie geïntimideer of met hom "gepeuter" sal word. Die aanhouding geskied in afsondering en duur totdat die betrokke saak afgehandel is of ses maande verstryk het, watter ook al die kortste is. Niemand behalwe beamptes van die Staat mag die aangehoudene besoek nie, tensy die Prokureur-Generaal toestemming verleen. Die howe se jurisdiksie oor die aangehoudene is uitdruklik uitgesluit. 'n Landdros *mag* hom egter een maal per week ondersoek.

**3. Die "veertien dae"-aanhoudingsklousule**

Art. 22 van die Algemene Regswysigingswet 62 van 1966 bepaal dat 'n polisie-offisier met 'n rang bo dié van luitenant-kolonel iemand sonder lasbrief in hegtenis kan neem indien hy rede het om te vermoed dat so 'n persoon 'n terroris is, sabotasie of 'n misdaad ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid gepleeg het of wou pleeg. Die persoon kan vir veertien dae sonder verhoor aangehou word. Die tydperke mag slegs verleng word indien 'n regter van die Hooggeregshof daartoe instem, andersins is die howe se jurisdiksie oor die aangehoudene uitgesluit. Geen voorsiening word vir regsverteenwoordiging gemaak nie.

**4. Wet op Binnelandse Veiligheid**

Art. 10(1)(a) *bis* magtig die censame aanhouding sonder verhoor van iemand wat nie van 'n misdaad verdink word nie, maar wat, volgens die Minister van Justisie, aan bedrywighede deelneem wat 'n gevaar vir die staatsveiligheid en die openbare orde is of mag wees. Die Wet maak voorsiening vir periodieke ondersoeke deur 'n hersieningskomitee, maar die Minister is nie gebonde deur 'n aanbeveling van die komitee nie en hoef nie redes te verskaf indien 'n aanbeveling van die hand gewys word nie. Die howe se jurisdiksie oor die aangehoudene is uitdruklik uitgesluit.

**5. Aanhouding onder die Swart Administrasiewet**

Kragtens art. 8 van die Natal Bantu Code (by wyse van proklamasie heringestel en ingevolge art. 1 van die Swart Administrasiewet op die hele Republiek van toepassing) kan die Staatspresident die aanhouding sonder verhoor van enige Swarte gelas indien hy 'n gevaar vir die openbare orde is. Na die verloop van drie maande mag die aangehoudene by die Hooggeregshof om sy vrylating aansoek doen. Die hof is verplig om aan die aansoek gehoor te gee, tensy die persoon op grond van 'n lasbrief op ander gronde as dié van die Wet aangehou word. Die howe se jurisdiksie is nie uitgesluit nie, en die maatreël is tot op datum baie min toegepas.

**6. Art. 6 van die Wet op Terrorisme**

Hierdie klousule is die verreikendste maatreël betreffende aanhouding sonder verhoor en het tot hewige kritiek aanleiding gegee. Art. 6 van die Wet op Terrorisme magtig 'n polisie-offisier met 'n rang van luitenant-kolonel of hoër om iemand sonder lasbrief in hegtenis te neem indien die offisier rede het om te vermoed dat hy 'n terroris is of inligting oor terroriste of terrorisme van die polisie weerhou. Hierdie artikel moet saamgelees word met art. 2 van dieselfde Wet, wat 'n skrikwekkend wye en vae omskrywing

van 'n "terroris" bevat. Slegs die Minister of Kommissaris van Polisie kan die aangehoudene se vrylating gelas. Die howe se jurisdiksie oor die aangehoudene is uitdruklik uitgesluit, en geen tydsbeperking is op die duur van die aanhouding geplaas nie. Die aanhouding is onbepaald, en die aangehoudene se lot is geheel en al aan die diskresie van die uitvoerende gesag oorgelaat. Die aangehoudene is totaal van die buitewêreld geïsoleer, en geen inligting word oor hom toegelaat nie. Hy word in algehele afsondering aangehou en ondervra. 'n Landdros mag hom een maal per week besoek, maar slegs indien "omstandighede dit toelaat". Inligting deur die polisie tydens aanhouding van 'n persoon verkry, is as getuienis teen hom toelaatbaar. Besoeke aan die aangehoudene deur familie, regsadviseurs of sy eie geneeshere is uitgesluit, en slegs toegang aan beamptes van die staat word deur die Wet gemagtig.

## KRITIEK TEEN AANHOUDING SONDER VERHOOR IN SUID-AFRIKA

Sedert die promulgering en praktiese toepassing van die aanhoudingsklousules in al hulle fasette die afgelope paar dekades het dit 'n storm van felle kritiek ontlok. Die vernaamste punte van kritiek behels die volgende:

1. Die beginsel van legaliteit word ontken. Die uitvoerende gesag besit 'n onbeperkte diskresie ten opsigte van aanhouding sonder verhoor, wat nie aan die howe se hersiening onderworpe is nie. Daarby is die howe se taak as onafhanklike en objektiewe arbiter uitdruklik uitgesluit. Dus word die staat deur homself bo die reg geplaas.
2. Volgehoue ondervraging in eensame aanhouding is 'n vorm van marteling.
3. Daar is 'n algehele afwesigheid van beperkende maatreëls by aanhouding sonder verhoor.
4. Die aanhoudingsklousules vorm deel van die permanente algemene wetgewing, terwyl dit onder tydelike noodmaatreëls tuishoort.
5. In die geval van die Wet op Terrorisme rus die bewyslas op die beskuldigde om sy onskuld te bewys, wat reëlreg indruis teen die gemeenregtelike beginsel dat iemand as onskuldig geag word totdat hy skuldig bewys word. As mens in gedagte hou dat so 'n beskuldigde gewoonlik maande lank voor sy uiteindelike verhoor *incommunicado* met sy ondervraers gekonfronteer is, word dit 'n uiters onrusbarende toestand van sake.
6. Van Rooyen (1978, p. 8-9) waarsku dat staatsveiligheid nie verabsoluteer moet word nie, maar dat die veilige behoud van 'n Christelik-morele beskawing altyd 'n oogmerk moet bly.

7. 'n Verdere punt van kritiek, wat gewoonlik oor die hoof gesien word, is die feit dat die maatreëls betreffende aanhouding sonder verhoor in hulle huidige vorm in Suid-Afrika ver te kort skiet gesien in die lig van 'n Bybelse beskouing van menseregte. 'n Vinnige blaai deur 'n aantal tekste in die Lewende Woord van God en dit word 'n onrusbarende feit: Gen. 1:27. "En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het hy hom geskape; ..."; Deut. 1:17: "Julle mag in die gereg nie partydig wees nie; julle moet klein sowel as groot aanhoor"; die hele Psalm 8; Matt. 5:22 en 25; Matt. 7:2: "Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word"; Matt. 22:39: "... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself", en Matt. 25:42-46, wat myns insiens 'n skrikwekkende verantwoordelikheid op alle Christene plaas.
8. Die gronde waarop persone aan eensame aanhouding sonder verhoor onderwerp word, is baie vaag, wyd en uiters ingrypend geformuleer en word, soos reeds gesê, aan 'n absolute en "oewerlose" diskresie van die uitvoerende gesag gekoppel.

## MOONTLIKE VERBETERINGS AAN BESTAANDE AANHOUDINGSKLOUSULES

Sonder om die bevindings van die Rabie-kommissie van ondersoek na veiligheidswetgewing of selfs die Hoexter-kommissie van ondersoek na die funksionering van die howe vooruit te loop kan 'n aantal moontlike aanpassings tog aan die hand gedoen word:

1. Die kriteria op grond waarvan iemand sonder verhoor aangehou mag word, behoort drasties beperk en in fyner besonderhede omskryf te word.
2. Die polisie behoort nie wye arbitrêre magte te hê om persone sonder 'n lasbrief vir aanhouding sonder verhoor te arresteer nie. 'n Regter behoort sodanige lasbrief slegs na oorweging van konkrete feite en behoorlike motivering uit te reik. Andersins behoort die howe 'n hersieningsmag te hê om die diskresie van die uitvoerende gesag betreffende aanhouding sonder verhoor na te gaan.
3. Die aanhoudingsklousules behoort slegs tydelike maatreëls tydens 'n afgekondigde noodtoestand te wees en behoort nie vir onbepaalde tydperke ingestel te word nie. Indien 'n aangehoudene na afloop van 'n vasgestelde tydperk (drie tot ses maande) nog nie aangekla is nie, moet die howe sy vrylating gelas. Bernard Crick meen in sy *In Defence of Politics* (1968, p. 62) tereg "... yet it is only in totalitarion regimes that a continuous state of emergency exists, a sense of permanent revolution a belief that there is a continual desperate struggle against traitors within and aggressors without,

which is often maintained quite artificially, though seemingly as a device of government essential to such regimes..."

4. Die aanhouding behoort in 'n mate openbaar te wees, ontdaan van die waas van absolute geheimhouding wat dit omhul. Afhangende van die omstandighede behoort 'n regsverteenwoordiger en persoonlike geneesheer toegang tot die aangehoudene te hê. Die regbank moet egter in alle gevalle volle insae in elke aanhouding en toegang tot die aangehoudene hê om owerheidsoptredes te kontroleer en 'n toevlug in gevalle van wanpraktyke te wees.
5. 'n Onafhanklike hersieningskommissie, bestaande uit juriste, medici, die polisie, sosioloë, sielkundiges en maatskaplike werkers behoort ook as 'n moontlike alternatief in gedagte gehou te word. So 'n liggaam behoort die aanhouding en omstandighede rakende die aangehoudene van tyd tot tyd te ondersoek en aanbevelings rakende toestande te maak.
6. 'n Omvattende Menseregte-akte behoort in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans te word, wat individue se menseregte onder die verskeie omstandighede uitstippel, met toetsingsreg deur die regbank.
7. 'n Algemeen aanvaarde Christelike houding teenoor aangehoudenes *moet* die deurlopende norm wees.

Bogenoemde aanpassings poog nie om 'n reeks ombuigsame en geslote voorstelle te wees nie. Dit staan egter soos 'n paal bo water dat die aangeleentheid van eensame aanhouding sonder verhoor in Suid-Afrika ernstig oordink en aangepas moet word.

## SLOTSOM

Ek is heeltemal bewus van die aanslae van ondermyning teen Suid-Afrika en die pogings om wet en orde tot 'n val te bring. Veiligheidswetgewing is broodnodig, want die staat het 'n plig om 'n goeie en veilige lewe van welvaart en vryheid van die gemeenskap te verseker. Aanhouding sonder verhoor is hierop geen uitsondering nie.

Dit moet egter gepaard gaan met die nodige beperkings en kontroles en eerbied vir die regte van die individu. Die staat staan egter nie bo die reg nie, en die doel heilig ook nooit die middel in die beskaafde, demokratiese en Christelike gemeenskap nie, anders word die stryd teen onwettige en staatsgevaarlike elemente 'n stryd tussen "... law-breaking gangs...", aldus Barth in sy *Law Enforcement versus the Law* (1963, p. 50). As die staat bo die reg staan, het dit veragting van die reg tot gevolg. 'n Ander faktor wat ter sprake kom, is die feit dat 'n staat net soveel werd is as die eindtotaal van sy lede.

John Stuart Mill rig in sy tydlose *On liberty* die volgende waarskuwing: "... a state which dwarfs its men, in order that they may be more docile instruments in its hands — even for beneficial purposes — will find that with small men no great thing can be accomplished; and that the perfection of machinery to which it has sacraficed everything, will in the end avail it nothing, for want of the vital power, in order that the machine might work smoothly, it has preferred to banish..."

Om terug te keer na die Bybelse grondslag van menseregte: dit help nie om lippediens te bewys aan die oproep om die Christelike beskawing van sataniese aanslae te red, indien die basiese Christelike norme in die proses genegeer word nie. Dan word dit slegs 'n poging tot magsbehoud onder die gerieflike dekmantel van Christelike beginsels. Aan die ander kant word 'n gestrenge en ultra-ortodokse polities-godsdienstige teokrasie ook nie voorgestaan nie. Christelike norme en dus die Bybelse grondslae van menseregte moet soos 'n goue draad as *algemene riglyne* vir owerheidsoptrede in gedagte gehou word. Die bybelse grondslae vir menseregte plaas 'n swaar verantwoordelikheid op die staat, en veral ten opsigte van aanhouding sonder verhoor in Suid-Afrika is dit 'n vraagstuk wat meer aandag moet geniet, want alle mense is na die beeld van God geskep. Dit is 'n gedagte wat geen Christen mag koud laat nie.

## BIBLIOGRAFIE

'n Magdom boeke en artikels is reeds oor hierdie onderwerpe gepubliseer; 'n paar van die belangrikstes word genoem:

DUGARD, C.J.R. 1978. *Human rights and the South African legal order.* Johannesburg: Juta.

DUGARD, C.J.R. 1970. The courts and Section 6 of the Terrorism Act. *South African Law Journal* 289-93.

MATHEWS, A.S. 1971. *Law, order and liberty in South Africa.* Johannesburg: Juta.

MATHEWS, A.S. & ALBINO, R.C. 1966. The Permanence of the Temporary — an examination of the 90- and 180 day detention laws. *South African Law Journal:* 16-43.

SUZMAN, A. 1968. South Africa and the Rule of Law. *South African Law Journal:* 261-71.

VAN ROOYEN, J.H. 1978. Die Wet op Terrorisme en geestelike weerbaarheid. *Deurbraak,* April: 8-9.

VAN ROOYEN, J.H. 1981. Aspekte van reg en geregtigheid met betrekking tot gevangenes. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg,* (1):1-17.

VAN DER VYVER, J.D. 1975. *Die beskerming van menseregte in Suid-Afrika.* Johannesburg: Juta.

WIECHERS, M. 1981. Toward a Biblical view of Human Rights in *Church and Nation* (Theological Conference Papers of the Reformed Ecumenical Synod) Grand Rapids, Michigan.